



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

---

## STAATSKOERANT

### VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Price 20c Prys  
Overseas 30c Oorsee  
**POST FREE—POSVRY**

ISBN 0 621 00985 7

---

VOL. 96.]

CAPE TOWN, 20TH JUNE, 1973.

[No. 3935.

KAAPSTAD, 20 JUNIE 1973.

---

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 1068.

20th June, 1973.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 58 of 1973: Sea Fisheries Act, 1973.

---

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 1068.

20 Junie 1973.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 58 van 1973: Wet op Seevisserye, 1973.

Act No. 58, 1973

SEA FISHERIES ACT, 1973.

# ACT

To provide for the control of sea fisheries and for matters connected therewith.

(*English text signed by the State President.*  
(*Assented to 13th June, 1973.*)

**B**E IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—
  - (i) “advisory council” means the Fisheries Advisory Council established under section 2 or, if such a council has been established for the Republic and such a council has been established for the territory, means, with reference to any matter in the Republic, the advisory council established for the Republic and, with reference to any matter in the territory, the advisory council established for the territory; (i)
  - (ii) “catch” means take out of the sea or out of or from the sea-shore in any manner whatsoever, possess in a net, whether or not the net is in the water, possess in or on a boat, or land; (xxiv)
  - (iii) “director” means the Director of Sea Fisheries;
  - (iv) “factory” means any premises, vehicle or vessel on or in which any fish or fish products are salted, dried, smoked, frozen or canned or otherwise treated, or rock lobster is kept in captivity for purposes of trade, but does not include any hotel, boarding house, restaurant, refreshment or tea room or eating house or a fishing boat on which fish which has been caught off such fishing boat is only gutted, salted or chilled for the preservation thereof; (iv)
  - (v) “fish” means any species of sea animal, whether vertebrate or invertebrate, and includes the spawn or larvae of any such sea animal, but does not include any seal or sea-bird; (xxv)
  - (vi) “fisherman” means any person who catches or attempts to catch for purposes of trade any fish, whether found in the sea or in or on the sea-shore, and includes any person assisting him in doing so; (xxvi)
  - (vii) “fishing boat” means any boat or other vessel, irrespective of the size or the manner of propulsion or movement thereof, used in any manner for the catching or processing of fish for purposes of trade; (xxvii)
  - (viii) “fishing harbour” means any fishing harbour contemplated in section 4; (xxviii)
  - (ix) “fishing zone” means the territorial waters of the Republic and the fishing zone as defined in sections 2 and 3, respectively, of the Territorial Waters Act, 1963 (Act No. 87 of 1963); (xxix)
  - (x) “high-water mark” means the highest mark reached by the water of the sea on the land during ordinary sea storms during the most stormy period of the year; (x)
  - (xi) “implement” means any net or other apparatus or device used for or in the course of the catching of fish; (xxx)
  - (xii) “inspector” means any person appointed under section 5 (1) as sea fisheries inspector or under the Public Service Act, 1957 (Act No. 54 of 1957), to a post

WET OP SEEVISSERYE, 1973.

Wet No. 58, 1973

# WET

## Om voorsiening te maak vir die beheer van seevisserye en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)  
(Goedgekeur op 13 Junie 1973.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Woordomskrywing.  
Wet—

- (i) „adviesraad” die Adviserende Visseryeraad wat kragtens artikel 2 ingestel is of, indien so ’n raad vir die Republiek en so ’n raad vir die gebied ingestel is, met betrekking tot ’n aangeleenthed in die Republiek, die adviesraad wat vir die Republiek ingestel is, en met betrekking tot ’n aangeleenthed in die gebied, die adviesraad wat vir die gebied ingestel is; (i)
- (ii) „beampete” iemand wat kragtens die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), in die Staatsdiens aangestel is; (xvii)
- (iii) „direkteur” die Direkteur van Seevisserye; (iii)
- (iv) „fabriek” ’n perseel, voertuig of vaartuig waarop of waarin vis of die produkte van vis vir handelsdoelendes gesout, gedroog, gerook, bevries, ingemaak of op ’n ander wyse bewerk word, of kreef vir handelsdoeleindes in gevangenskap gehou word, maar nie ook ’n hotel, losieshuis, restaurant, verversings- of teekamer of eetplek of ’n vissersboot waarop vis wat vanaf dié vissersboot gevang is, vir die bewaring daarvan slegs ontderm, gesout of verkoel word nie; (iv)
- (v) „gebied” die gebied Suidwes-Afrika; (xxvii)
- (vi) „gesagvoerder” iemand wat die gesag voer of beheer het oor ’n vissersboot of ander vaartuig; (xv)
- (vii) „getyrivier” daardie gedeelte van ’n rivier waarin ’n styging en daling van die watervlak as gevolg van die seegetye plaasvind; (xxx)
- (viii) „getystrandmeer” ’n strandmeer waarin ’n styging en daling van die watervlak as gevolg van die seegetye plaasvind; (xxix)
- (ix) „hierdie Wet” ook ’n regulasie of kennisgewing wat daarkragtens uitgevaardig is; (xxviii)
- (x) „hoogwatermerk” die hoogste merk wat die water van die see gedurende gewone seestorms tydens die stormagtigste tydperk van die jaar op land bereik; (x)
- (xi) „inspekteur” iemand wat kragtens artikel 5 (1) as seevisserye-inspekteur aangestel is of kragtens die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), in ’n pos van visserye-inspekteur in die Departement van Nywerheidswese aangestel is; (xii)
- (xii) „jaar” enige tydperk van twaalf maande; (xxx)
- (xiii) „laagwatermerk” die laagste merk tot waar die water van die see op land sak met gewone springgety; (xiv)
- (xiv) „Minister” die Minister van Ekonomiese Sake; (xvi)

Act No. 58, 1973.

SEA FISHERIES ACT, 1973.

- of fisheries inspector in the Department of Industries; (xi)
- (xiii) "local authority" means any institution or body contemplated in section 84 (1) (f) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act No. 32 of 1961), and includes the South African Bantu Trust established by section 4 of the Bantu Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), the Natal Parks, Game and Fish Preservation Board established under the Natal Parks, Game and Fish Preservation Ordinance, 1947 (Ordinance No. 35 of 1947 of Natal), and the National Parks Board of Trustees established under section 5 of the National Parks Act, 1962 (Act No. 42 of 1962); (xv)
- (xiv) "low-water mark" means the lowest mark on the land to which the water of the sea recedes with ordinary spring tide; (xiii)
- (xv) "master" means any person having command or control of a fishing boat or other vessel; (vi)
- (xvi) "Minister" means the Minister of Economic Affairs; (xiv)
- (xvii) "officer" means any person appointed under the Public Service Act, 1957 (Act No. 54 of 1957), to the public service; (ii)
- (xviii) "prescribe" means prescribe by regulation; (xxx)
- (xix) "regulation" means a regulation made under this Act; (xvi)
- (xx) "Republic" includes the territory of South West Africa; (xvii)
- (xxi) "salt" means any kind of salt occurring naturally in the water of the sea; (xxii)
- (xxii) "sea" means the water and the bed of the sea, including the water and the beds of tidal rivers and tidal lagoons; (xviii)
- (xxiii) "sea-shore" means the water and the land between the low-water mark and the high-water mark; (xxiii)
- (xxiv) "sea-weed" means any kind of sea-weed or algae found in the sea or on the sea-shore; (xix)
- (xxv) "Secretary" means the Secretary for Industries; (xx)
- (xxvi) "shell" means the shell or portion of the shell of any sea animal found in the sea or on the sea-shore; (xxi)
- (xxvii) "territory" means the territory of South West Africa; (v)
- (xxviii) "this Act" includes any regulation or notice made or issued thereunder; (ix)
- (xxix) "tidal lagoon" means any lagoon in which a rise and fall of the water-level takes place as a result of the tides; (viii)
- (xxx) "tidal river" means that part of any river in which a rise and fall of the water-level takes place as a result of the tides; (vii)
- (xxxi) "year" means any period of twelve months. (xii)

Appointment of fisheries advisory council or councils.

2. (1) The Minister shall establish a Fisheries Advisory Council or, according as he may deem fit, such a council for the Republic (excluding the territory) as well as such a council for the territory, and such a council shall advise the Minister on all matters in which he is, in terms of this Act, required to consult the advisory council, and on such other matters as the Minister may refer to it.

(2) A council referred to in subsection (1) shall consist of the Secretary or his authorized representative, who shall be the chairman, the director and so many other members, not being less than nine, as the Minister may appoint, and of whom—

- (a) two shall be appointed on account of their knowledge of the fisheries science or industrial economics; and  
(b) the others shall represent the interests of—

WET OP SEEVISSERYE, 1973.

Wet No. 58, 1973

- (xv) „plaaslike bestuur” ’n instelling of liggaam beoog in artikel 84 (1) (f) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961), en ook die Suid-Afrikaanse Bantoetrust ingestel by artikel 4 van die Bantoetrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), die Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis ingestel kragtens die Ordonnansie op die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis, 1947 (Ordonnansie No. 35 van 1947 van Natal), en die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke ingestel kragtens artikel 5 van die Wet op Nasionale Parke, 1962 (Wet No. 42 van 1962); (xiii)
- (xvi) „regulasie” ’n regulasie wat kragtens hierdie Wet uitgevaardig is; (xix)
- (xvii) „Republiek” ook die gebied Suidwes-Afrika; (xx)
- (xviii) „see” die water en die bedding van die see, met inbegrip van die water en die beddings van getyriviere en getystrandmere; (xxii)
- (xix) „seewier” enige soort seewier of alge wat in die see of op die strand aangetref word; (xxiv)
- (xx) „Sekretaris” die Sekretaris van Nywerheidswese; (xxv)
- (xxi) „skulp” die skulp of gedeelte van die skulp van ’n seedier wat in die see of op die strand aangetref word; (xxvi)
- (xxii) „sout” enige soort sout wat natuurlik in die water van die see voorkom; (xxi)
- (xxiii) „strand” die water en die land tussen die laagwatermerk en die hoogwatermerk; (xxiii)
- (xxiv) „vang” op enige wyse hoegenaamd uit die see of uit die strand haal, op die strand vat, in ’n net besit, hetsy die net in die water is of nie, in of op ’n boot besit, of aan land bring; (ii)
- (xxv) „vis” iedere spesie ongewerwelde of gewerwelde seedier, en ook die kuit of larwes van so ’n seedier, maar nie ook ’n rob of seevoël nie; (v)
- (xxvi) „visser” iemand wat vir handelsdoeleindes vis, hetsy dit in die see of in of op die strand voorkom, vang of probeer vang, en ook iemand wat hom daarby behulpzaam is; (vi)
- (xxvii) „vissersboot” ’n boot of ander vaartuig, ongeag die grootte of wyse van aandrywing of voortbeweging daarvan, wat op enige wyse gebruik word vir die vang of verwerking van vis vir handelsdoeleindes; (vii)
- (xxviii) „vissershawe” ’n vissershawe bedoel in artikel 4; (viii)
- (xxix) „visserysone” die territoriale waters van die Republiek en die visserysone soos omskryf in onderskeidelik artikels 2 en 3 van die Wet op Terroriale Waters, 1963 (Wet No. 87 van 1963); (ix)
- (xxx) „voorskryf” by regulasie voorskryf; (xviii)
- (xxxi) „werktuig” ’n net of ander apparaat of middel wat vir in die loop van die vang van vis gebruik word. (xi)

**2. (1)** Die Minister moet ’n Adviserende Visseryeraad of, na gelang hy goedvind, so ’n raad vir die Republiek (uitgesonderd die gebied) sowel as so ’n raad vir die gebied instel, en so ’n raad dien die Minister van advies oor al die aangeleenthede waарoor hy ingevolge hierdie Wet die adviesraad moet raadpleeg, en oor die ander aangeleenthede wat die Minister na hom verwys.

Aanstelling van adviserende visseryeraad of -rade.

(2) ’n Raad bedoel in subartikel (1) bestaan uit die Sekretaris of sy gemagtigde verteenwoordiger, wat die voorsitter is, die direkteur en soveel ander lede as wat die Minister aanstel, maar minstens nege, van wie—

- (a) twee aangestel moet word weens hul kennis van die visseryewetenskap of die bedryfsekonomie; en
- (b) die ander die belang moet verteenwoordig van—

Act No. 58, 1973

SEA FISHERIES ACT, 1973.

- (i) the Fisheries Development Corporation of South Africa, Limited, established by section 2 of the Fishing Industry Development Act, 1944 (Act No. 44 of 1944);
- (ii) the South African Bureau of Standards mentioned in section 2 of the Standards Act, 1962 (Act No. 33 of 1962);
- (iii) the distributors of fish;
- (iv) persons engaged in trawling;
- (v) persons concerned in the pelagic fish industry;
- (vi) persons concerned in the rock lobster industry;
- (vii) persons concerned in the catching or processing of fish other than trawl-fish, pelagic fish and rock lobster;
- (viii) such other persons as the Minister may determine.

(3) If the Minister intends to appoint any person to any such council to represent the interests of any particular persons and there exists or exist a body or bodies which in his opinion is or are representative of those persons, he shall first consult such body or bodies.

(4) A member of any such council appointed by the Minister shall hold office for such period and on such conditions as the Minister may in consultation with the Minister of Finance determine: Provided that the Minister may at any time terminate the appointment of any such member if he is of the opinion that such member is unfit to represent the interests which he is required to represent.

(5) The Minister may from time to time and for such period as he may determine and on such conditions as he may in consultation with the Minister of Finance determine, appoint any person to assist any such council in an advisory capacity.

(6) The Fisheries Development Advisory Council established by section 21 of the Fishing Industry Development Act, 1944, and the Fisheries Development Advisory Board established under section 16 of the Sealing and Fisheries Ordinance, 1949 (Ordinance No. 12 of 1949 of the territory), shall be deemed to have been established for the Republic (excluding the territory) and the territory, respectively, and shall continue to exist until they are dissolved by the Minister.

Appointment of advisory committees.

3. (1) The Minister may appoint committees to advise the director on the issuing of any authority under section 8 (3).

(2) Different committees may be so appointed in respect of different species of fish.

(3) The constitution of any such committee and the procedure to be followed in the performance of its functions shall be as prescribed.

(4) The provisions of section 2 (4) shall *mutatis mutandis* apply in respect of the members of any such committee.

Establishment of fishing harbours.

4. Subject to the provisions of any other laws the Minister may by notice in the *Gazette* declare a harbour or a specified portion of a harbour or a specified area or portion of the sea and the sea-shore to be a fishing harbour.

Appointment of honorary fisheries officers and fisheries inspectors.

5. (1) The Minister may appoint honorary fisheries officers and, subject to the laws governing the public service, officers as sea fisheries inspectors.

(2) Any person appointed in terms of subsection (1) shall be furnished by the Secretary with a certificate of appointment, and whenever such person exercises any power or performs any duty or function in terms of this Act, he shall, at the request of any person affected thereby, produce that certificate to such person for inspection.

WET OP SEEVISSERYE, 1973.

Wet No. 58, 1973

- (i) die Visserye-ontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika, Beperk, ingestel by artikel 2 van die Visnywerheid-ontwikkelingswet, 1944 (Wet No. 44 van 1944);
- (ii) die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde vermeld in artikel 2 van die Wet op Standaarde, 1962 (Wet No. 33 van 1962);
- (iii) die distribueerders van vis;
- (iv) persone wat die treilbedryf beoefen;
- (v) persone wat in die pelagiese visbedryf betrokke is;
- (vi) persone wat in die kreefbedryf betrokke is;
- (vii) persone betrokke in die vang of verwerking van ander vis as treilvis, pelagiese vis en kreef;
- (viii) die ander persone wat die Minister bepaal.

(3) Indien die Minister iemand in so 'n raad wil aanstel om die belang van bepaalde persone te verteenwoordig, en daar 'n liggaaam of liggame is wat na sy oordeel verteenwoordigend van daardie persone is, raadpleeg hy eers daardie liggaaam of liggame.

(4) 'n Lid van so 'n raad wat deur die Minister aangestel is, beklee sy amp vir die tydperk en op die voorwaardes wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal: Met dien verstande dat die Minister die aanstelling van so 'n lid te eniger tyd kan beëindig indien hy van oordeel is dat dié lid onbevoeg is om die belang te verteenwoordig wat hy moet verteenwoordig.

(5) Die Minister kan van tyd tot tyd en vir die tydperke wat hy bepaal en op die voorwaardes wat hy in oorleg met die Minister van Finansies bepaal, iemand aanstel om so 'n raad in 'n adviserende hoedanigheid by te staan.

(6) Die Adviserende Visserye-ontwikkelingsraad ingestel by artikel 21 van die Visnywerheid-ontwikkelingswet, 1944, en die Visseryadvriesraad ingestel kragtens artikel 16 van die Ordonnansie op Robbenvangs en Visserye 1949 (Ordonnansie No. 12 van 1949 van die gebied), word geag kragtens hierdie Wet vir onderskeidelik die Republiek (uitgesonderd die gebied) en die gebied ingestel te wees en bly voortbestaan totdat die Minister hulle ontbind.

3. (1) Die Minister kan komitees aanstel om die direkteur Aanstelling van advies te dien aangaande die uitreiking van magtigings advieskomitees. kragtens artikel 8 (3).

(2) Verskillende komitees kan aldus ten opsigte van verskil-lende spesies vis aangestel word.

(3) Die samestelling van so 'n komitee en die prosedure wat by die verrigting van sy werksaamhede gevvolg moet word, is soos voorgeskryf.

(4) Die bepalings van artikel 2 (4) is *mutatis mutandis* ten opsigte van die lede van so 'n komitee van toepassing.

4. Die Minister kan, behoudens die bepalings van ander wette, by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n hawe of 'n bepaalde gedeelte van 'n hawe of 'n bepaalde gebied of gedeelte van die see en strand tot 'n vissershawe verklaar.

5. (1) Die Minister kan ere-visseryebeampies en, behoudens die wette op die Staatsdiens, beampies as seevisserye-inspekteurs aanstel.

(2) Iemand wat ingevolge subartikel (1) aangestel word, moet deur die Sekretaris voorsien word van 'n aanstellingsertifikaat, en so iemand moet, wanneer hy ingevolge hierdie Wet 'n bevoegdheid uitoefen of 'n plig of werksaamheid verrig, en op versoek van iemand wat daardeur geraak word, daardie sertifikaat aan so iemand ter insae toon.

Aanstelling van  
ere-visserye-  
beampies en  
visserye-  
inspekteurs.

Act No. 58, 1973

SEA FISHERIES ACT, 1973.

Powers of  
inspectors, officers,  
members of the  
Police and  
honorary fisheries  
officers.

6. (1) An inspector, an officer generally or specially authorized thereto by the Minister, and a member of the Police may—
- (a) board any fishing boat, enter any factory or any premises used for the storage or sale of fish, fish products, sea-weed, shells or salt and enter any vehicle used for the conveyance or sale of fish, fish products, sea-weed, shells or salt, and perform on such boat, premises or vehicle or in that factory such acts as may be necessary to ascertain whether the provisions of this Act are being complied with;
  - (b) examine any implement which he has reasonable grounds to suspect is being used or intended for use in the catching or handling of fish, or the gathering of sea-weed or shells or the recovery of salt;
  - (c) subject to the provisions of subsection (3), if he has reasonable grounds to suspect that an offence in terms of this Act has been committed in respect of any fish, sea-weed, shells or salt or has been or is about to be committed in respect of or by means of any implement, and that such fish, sea-weed, shells salt or implement is upon any premises or at any place or upon any fishing boat or vehicle or in any factory, at any time enter upon and search such premises, place, fishing boat, vehicle or factory, and search any person thereupon or therein, and seize any such fish, sea-weed, shells, salt, implement, fishing boat or vehicle, as well as any books or other documents on such premises, place, fishing boat or vehicle or in such factory;
  - (d) if he has reasonable grounds to suspect that any fishing boat, factory, premises or vehicle has been or is being used in connection with any offence in terms of this Act, or that any fish, sea-weed, shells, salt or implement as to which there are reasonable grounds for suspecting that an offence in terms of this Act has been committed in respect thereof or by means thereof, is or has been on any fishing boat, vehicle or premises or in any factory, require the persons on such fishing boat, vehicle or premises or in such factory to furnish him with their names and addresses or require the licensee of such fishing boat to furnish him with the names and addresses of the master and of the members of the crew of such fishing boat;
  - (e) by a prescribed signal order the master of a fishing boat to stop such boat or to sail to a harbour indicated by the inspector, officer or member of the Police;
  - (f) order the master of a fishing boat to remove it at a specified time from a fishing harbour or not to bring it into a fishing harbour—
    - (i) if the fishing boat is such a fishing boat as is contemplated in section 10 (1) (d); or
    - (ii) if, irrespective of where the fishing boat is registered, any person who is or at any time was a member of the crew of such fishing boat, was at any time convicted, in terms of a law which is or was in force in the Republic, of any offence committed on such fishing boat while it was within the fishing zone; or
    - (iii) if, irrespective of where the fishing boat is registered, the inspector, officer or member of the Police is satisfied, upon reasonable grounds, that such fishing boat was at any time used within the fishing zone in connection with activities that constituted an offence in terms of any law;

WET OP SEEVISSERYE, 1973.

Wet No. 58, 1973

**6. (1)** 'n Inspekteur, 'n beampie wat in die algemeen of in 'n besondere geval deur die Minister daartoe gemagtig is en 'n polisiebeampie kan—

- (a) aan boord gaan van 'n vissersboot, 'n fabriek of 'n perseel wat vir die opberging of verkoop van vis, produkte van vis, seewier, skulpe of sout gebruik word, betree en 'n voertuig bestyg wat vir die vervoer of verkoop van vis, produkte van vis, seewier, skulpe of sout gebruik word, en op daardie boot, perseel of voertuig of in daardie fabriek die handelinge verrig wat nodig is om vas te stel of die bepalings van hierdie Wet nagekom word;
- (b) 'n werktuig ondersoek waaromtrent hy redelike gronde het om te vermoed dat dit gebruik word of bestem is vir gebruik by die vang of hantering van vis, of die versameling van seewier of skulpe of die herwinning van sout;
- (c) behoudens die bepalings van subartikel (3), as hy redelike gronde het om te vermoed dat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet ten opsigte van vis, seewier, skulpe of sout gepleeg is, of ten opsigte of deur middel van 'n werktuig gepleeg is of gepleeg gaan word, en dat die vis, seewier, skulpe, sout of werktuig op 'n perseel of plek of vissersboot of voertuig of in 'n fabriek is, te eniger tyd daardie perseel, plek, vissersboot, voertuig of fabriek betree en deursoek, en iemand wat hom daarop of daarin bevind, deursoek, en beslag lê op daardie vis, seewier, skulpe, sout, werktuig, vissersboot of voertuig, sowel as op boeke of ander stukke wat op daardie perseel, plek, vissersboot of voertuig of in daardie fabriek is;
- (d) as hy redelike gronde het om te vermoed dat 'n vissersboot, fabriek, perseel of voertuig in verband met 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gebruik is of word, of dat vis, seewier, skulpe, sout of 'n werktuig waaromtrent daar redelike gronde bestaan vir 'n vermoede dat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet ten opsigte of deur middel daarvan gepleeg is, op 'n vissersboot, voertuig of perseel of in 'n fabriek is of was, eis dat die persone op dié vissersboot, voertuig of perseel of in dié fabriek hul name en adresse aan hom verstrek of dat die houer van die lisensie ten opsigte van daardie vissersboot die name en adresse van die gesagvoerder en van die lede van die bemanning van daardie vissersboot aan hom verstrek;
- (e) met 'n voorgeskrewe teken die gesagvoerder van 'n vissersboot gelas om dié vissersboot tot stilstand te bring of om na 'n hawe, deur die inspekteur, beampie of polisiebeampie aangedui, te vaar;
- (f) die gesagvoerder van 'n vissersboot gelas om dit op 'n bepaalde tydstip uit 'n vissershawe te verwyder of om dit nie daarin te bring nie—
- (i) indien die vissersboot 'n vissersboot is soos bedoel in artikel 10 (1) (d); of
  - (ii) indien, ongeag waar die vissersboot geregistreer is, iemand wat 'n bemanningslid van daardie vissersboot is of te eniger tyd was, te eniger tyd skuldig bevind is, ingevolge 'n wet wat in die Republiek van toepassing is of was, aan 'n misdryf wat op daardie vissersboot gepleeg is terwyl dit binne die visserysone was; of
  - (iii) indien, ongeag waar die vissersboot geregistreer is, die inspekteur, beampie of polisiebeampie op redelike gronde daarvan oortuig is dat daardie vissersboot te eniger tyd binne die visserysone gebruik is in verband met bedrywigheid wat neergekom het op 'n misdryf ingevolge die een of ander wet;

Act No. 58, 1973

SEA FISHERIES ACT, 1973.

- (g) question any person who, in his opinion, may be capable of furnishing any information which he may require, and for that purpose require a fishing boat or other vessel or a vehicle to be stopped;
  - (h) require any person to produce to him any invoices, delivery notes or other documents in his possession in connection with any fish which is or in his opinion may be the subject of any criminal case in terms of this Act, and in his discretion seize such invoices, notes or other documents for production to and disposal of by a court;
  - (i) require any person employed on or at a fishing boat, vehicle or factory, to assist him in the examination of any container, implement or fish on such fishing boat or vehicle or in such factory to ascertain whether the provisions of this Act have been complied with in connection therewith.
- (2) An inspector or an officer shall in the exercise of his powers under subsection (1) be deemed to be a peace officer as defined in section 1 of the Criminal Procedure Act, 1955 (Act No. 56 of 1955).
- (3) Whenever any inspector, officer or member of the Police exercises any of his powers under this section, he may enter or search a dwelling in accordance with the provisions of the Criminal Procedure Act, 1955, only.
- (4) An honorary fisheries officer shall have the powers contemplated in subsection (1) (b) and (d) and he may also require any person who he knows or on reasonable grounds suspects—
  - (a) has committed any offence in terms of this Act; or
  - (b) has at his disposal information in connection with the commission or suspected commission of any such offence,to furnish him with his name and address.
- (5) The powers conferred by subsection (1) may, in respect of any fishing boat licensed in terms of this Act or any boat used as a fishing boat in the fishing zone and in respect of any person or any fish or implement thereon, be exercised also outside the fishing zone.
- (6) Any fish, sea-weed, shells, salt or implement seized under subsection (1) (e) shall be forfeited to the State: Provided that—
  - (a) in the event of the fish, sea-weed, shells, salt or implement forming the subject of a prosecution, the court may set aside the forfeiture; and
  - (b) in any other case the Minister may set aside the forfeiture, if the owner of the fish, sea-weed, shells, salt or implement, as the case may be, satisfies the Minister, within thirty days after the seizure, that no offence was committed by him or by any other person with his knowledge and consent, in respect of the fish, sea-weed, shells or salt or by means of the implement:Provided further that any fish so seized may be sold or destroyed at any time after the seizure, and if the forfeiture is set aside in terms of paragraph (a) or (b), the proceeds of the sale (if any) shall be handed over to the owner.

Registration of  
fishing boats and  
cancellation or  
suspension of  
registration  
thereof.

7. (1) Any person desiring to register a boat in respect of any particular fishing harbour, area or place, shall in the prescribed manner apply to the director for such registration and submit to the director, together with his application, proof of the facts advanced in support of his application.

(2) Subject to the provisions of subsection (3) the director shall grant an application in terms of subsection (1) if he is satisfied that the applicant is the owner of the boat in question and that the boat is registered or licensed under the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951): Provided that the director may refuse to grant any such application if—

WET OP SEEVISSERYE, 1973.

Wet No. 58, 1973

- (g) iedereen ondervra wat na sy oordeel moontlik in staat is om inligting te verstrek wat hy verlang, en vir dié doel vereis dat 'n vissersboot of ander vaartuig of 'n voertuig tot stilstand gebring word;
- (h) van iemand vereis dat hy fakture, afleweringbriewe of ander stukke in sy besit in verband met vis wat die onderwerp van 'n strafsaak ingevolge hierdie Wet uitmaak of na sy oordeel mag uitmaak, aan hom toon, en na goeddunke daarop beslag lê vir voorlegging aan en beskikking daaroor deur 'n hof;
- (i) van iemand wat werkzaam is op of by 'n vissersboot, voertuig of fabriek, vereis om hom te help by die ondersoek van 'n houer, werktuig of vis op dié vissersboot of voertuig of in dié fabriek ten einde vas te stel of die bepalings van hierdie Wet in verband daarmee nagekom is.
- (2) 'n Inspekteur of 'n beampete word by die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens subartikel (1) geag 'n vredesbeampete te wees soos omskryf in artikel 1 van die Strafproseswet, 1955 (Wet No. 56 van 1955).
- (3) Wanneer 'n inspekteur, beampete of polisiebeampete sy bevoegdhede kragtens hierdie artikel uitoefen, mag hy 'n woonhuis slegs ooreenkomsdig die bepalings van die Strafproseswet, 1955, betree of deursoek.
- (4) 'n Ere-visseryebeampete besit die bevoegdhede bedoel in subartikel (1) (b) en (d) en kan ook eis dat iemand ten opsigte van wie hy weet of op redelike gronde vermoed dat hy—
- (a) 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gepleeg het; of
- (b) oor inligting in verband met die pleeg of vermoedelike pleeg van so 'n misdryf beskik,
- sy naam en adres aan hom verstrek.
- (5) Die bevoegdhede by subartikel (1) verleen, kan, ten opsigte van 'n vissersboot wat ingevolge hierdie Wet gelisensieer is of 'n boot wat as 'n vissersboot in die visserysone gebruik word, en ten opsigte van iemand of vis of 'n werktuig daarop, ook buite die visserysone uitgeoefen word.
- (6) Vis, seewier, skulpe, sout of 'n werktuig waarop kragtens subartikel (1) (c) beslag gelê is, word aan die Staat verbeur: Met dien verstande dat—
- (a) ingeval die vis, seewier, skulpe, sout of werktuig die onderwerp van 'n vervolging uitmaak, die hof die verbeuring kan ophef; en
- (b) in 'n ander geval die Minister die verbeuring kan ophef, indien die eienaar van die vis, seewier, skulpe, sout of werktuig, na gelang van die geval, binne dertig dae na die beslaglegging die Minister oortuig dat geen misdryf ten opsigte van die vis, seewier, skulpe of sout of deur middel van die werktuig deur hom of deur iemand anders met sy medewete of toestemming gepleeg is nie: Met dien verstande voorts dat vis waarop aldus beslag gelê is, te eniger tyd na die beslaglegging verkoop of vernietig mag word, en indien die verbeuring ingevolge paragraaf (a) of (b) opgehef word, die opbrengs van die verkoping, (indien daar is) aan die eienaar oorhandig word.

7. (1) Iemand wat 'n boot ten opsigte van 'n bepaalde vissershawe, gebied of plek wil regstreer moet op die voorgeskrewe wyse by die direkteur om sodanige registrasie aansoek doen en saam met sy aansoek aan die direkteur bewys voorlê van die feite wat tot steun van sy aansoek aangevoer word.

Registrasie van  
vissersbote en  
intrekking of  
opskorting van  
registrasie daarvan.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (3) moet die direkteur 'n aansoek ingevolge subartikel (1) toestaan indien hy oortuig is dat die aansoeker die eienaar van die betrokke boot is en dat die boot kragtens die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), geregistreer of gelisensieer is: Met dien verstande dat die direkteur kan weier om so 'n aansoek toe te staan indien—

Act No. 58, 1973

SEA FISHERIES ACT, 1973.

- (a) he is satisfied that any information furnished by the applicant in his application is not correct;
  - (b) the registration of the boat concerned has been cancelled under subsection (6) or (7); or
  - (c) he is satisfied that such boat is not intended as a fishing boat.
- (3) If the Minister is satisfied that—
- (a) it is in the interests of the fishing industry that the further registration of boats generally or in respect of any particular area or place should not be allowed, or that the harbour facilities in any particular fishing harbour are inadequate for more boats than those already making use of such fishing harbour, or that the harbour, landing, storage or handling facilities in a particular fishing harbour are inadequate to deal satisfactorily with more than the catches off the boats already making use of that harbour, he may direct the director not to register any further boats, either generally or (as the case may be) in respect of that area, place or fishing harbour; and
  - (b) the reason for any direction under paragraph (a) no longer exists, he shall withdraw the direction.
- (4) (a) Whenever the director registers a boat under this section, he shall assign a registration letter and number to that boat.
- (b) The owner of a boat registered under this section, shall affix and keep affixed on such boat in the prescribed manner the registration letter and number assigned to that boat in terms of paragraph (a).
- (5) If the owner of a boat registered under this section changes his name or address, or alters the boat in such manner that the description thereof in the register is incorrect, he shall within twenty-one days thereafter and in the prescribed manner furnish the director with full information concerning it.
- (6) If the owner of a boat fails to comply with the provisions of subsection (5), or without the approval of the director alienates the boat or grants any right to any other person in respect thereof, or ceases to use the boat as a fishing boat, the director shall cancel the registration of the boat.
- (7) The director may in the case of a second or subsequent conviction of the owner of a boat or any other person of any offence under this Act in respect of a boat, cancel or, for such period as he may deem fit, suspend the registration of the boat.
- (8) Whenever the registration of a boat is cancelled or suspended for any period, any licence issued in respect thereof in terms of section 8 shall lapse or, as the case may be, be suspended for the same period.

Licences in  
respect of boats,  
factories and  
implements, and  
prohibitions in  
connection  
therewith.

8. (1) No person shall use any boat as a fishing boat or any premises, vehicle or vessel as a factory unless it is licensed under this section.

(2) Any person desiring to use any boat as a fishing boat or any premises, vehicle or vessel as a factory, shall in the prescribed manner apply to the director for authority for the issue to him of a licence therefor.

- (3) (a) The director shall, subject to the provisions of subsection (5) and the regulations, grant the application and issue to the applicant the necessary authority in the prescribed form, provided, in the case of a boat, it is registered under section 7.
- (b) If any authority has been issued to a person in terms of paragraph (a), he shall, on payment of the prescribed fee to the prescribed person, be entitled to the issue of the licence to him.

WET OP SEEVISSERYE, 1973.

Wet No. 58, 1973

- (a) hy oortuig is dat inligting wat die applikant in sy aansoek verstrek het, nie juis is nie;
- (b) die registrasie van die betrokke boot kragtens subartikel (6) of (7) ingetrek is; of
- (c) hy oortuig is dat daardie boot nie vir 'n vissersboot bestem is nie.
- (3) Indien die Minister oortuig is dat—
- (a) dit in belang van die visserybedryf is dat die verdere registrasie van bote in die algemeen of ten opsigte van 'n bepaalde gebied of plek nie toegelaat moet word nie of dat die hawegeriewe in 'n bepaalde vissershawe onvoldoende is vir meer bote as dié wat reeds van daardie vissershawe gebruik maak, of dat die hawe-, landings-, bergings- of hanteringsgeriewe in 'n bepaalde vissershawe onvoldoende is om meer as die vangste vanaf bote wat van daardie hawe gebruik maak, bevredigend te behartig, kan hy die direkteur gelas om geen verdere bote in die algemeen of (na gelang van die geval) ten opsigte van daardie gebied, plek of vissershawe te regstreer nie; en
- (b) die rede vir 'n lasgewing kragtens paragraaf (a) nie meer bestaan nie, moet hy die lasgewing intrek.
- (4) (a) Wanneer die direkteur 'n boot kragtens hierdie artikel regstreer, moet hy 'n registrasieletter en -nommer aan daardie boot toewys.
- (b) Die eienaar van 'n boot wat kragtens hierdie artikel geregistreer is, moet die registrasieletter en -nommer wat ingevolge paragraaf (a) aan daardie boot toege wys is, op die voorgeskrewe wyse op daardie boot aanbring en aangebring hou.
- (5) Indien die eienaar van 'n boot wat kragtens hierdie artikel geregistreer is, sy naam of adres verander of die boot op so 'n wyse verander dat die beskrywing daarvan in die register onjuis is, moet hy binne een-en-twintig dae daarna volledige besonderhede daaromtrent op die voorgeskrewe wyse aan die direkteur verstrek.
- (6) Indien die eienaar van 'n boot versuim om die bepalings van subartikel (5) na te kom, of sonder die goedkeuring van die direkteur die boot vervreem of aan iemand anders 'n reg ten opsigte daarvan verleen, of ophou om die boot as 'n vissersboot te gebruik, moet die direkteur die registrasie van die boot intrek.
- (7) Die direkteur kan in die geval van 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding van die eienaar van 'n boot of iemand anders aan 'n misdryf kragtens hierdie Wet ten opsigte van 'n boot, die registrasie van die boot intrek of vir die tydperk wat hy goed vind, opskort.
- (8) Wanneer die registrasie van 'n boot ingetrek of vir 'n tydperk opgeskort word, verval 'n lisensie wat ingevolge artikel 8 ten opsigte daarvan uitgereik is of, na gelang van die geval, is die lisensie vir dieselfde tydperk opgeskort.
8. (1) Niemand mag 'n boot as 'n vissersboot of 'n perseel, voertuig of vaartuig as 'n fabriek gebruik nie, tensy dit kragtens hierdie artikel gelisensieer is.
- (2) Iemand wat 'n boot as 'n vissersboot of 'n perseel, voertuig of vaartuig as 'n fabriek wil gebruik, moet op die voorgeskrewe wyse by die direkteur aansoek doen om magtiging vir die uitreiking van 'n lisensie daarvoor aan hom.
- (3) (a) Die direkteur moet, behoudens die bepalings van subartikel (5) en die regulasies, die aansoek toestaan en aan die aansoeker die nodige magtiging in die voorgeskrewe vorm uitrek mits, in die geval van 'n boot, dit kragtens artikel 7 geregistreer is.
- (b) Indien aan iemand 'n magtiging ingevolge paragraaf (a) uitgereik is, is hy, by betaling van die voorgeskrewe geldte aan die voorgeskrewe persoon, geregtig op die uitreiking van die lisensie aan hom.

Licensies ten opsigte van bote, fabriek en werktuie, en verbodsbeplings in verband daarmee.

Act No. 58, 1973

SEA FISHERIES ACT, 1973.

(4) If the Minister is satisfied that a boat is registered in a foreign country, he may, on application by the owner thereof, direct the director to issue an authority for the issue in respect of that boat of a licence for such period as the Minister may determine.

(5) A licence shall be issued subject to such conditions and restrictions as the director may have specified in the authority concerned: Provided that a condition or restriction that a boat may not be used for the catching of fish belonging to a particular species or to particular species, shall not be imposed except upon the recommendation of a committee appointed under section 3.

(6) If the Minister deems it necessary in the interests of the fishing industry, he may by regulation provide that a specified kind of implement may not be used for the catching of fish belonging to a particular species or to particular species, unless it is licensed in accordance with the regulations.

Appeals.

9. Any decision of the director in terms of section 7 or 8 shall be subject to an appeal to the Minister in the manner prescribed.

Protection of fish and restrictions on landing of fish and supplying of ships' stores.

10. (1) The Minister may by notice in the *Gazette* make regulations—

- (a) prohibiting for an indefinite period or for a specified period in any year, and either generally or in a specified area, the catching or disturbing of fish or fish belonging to a specified species, or the catching or disturbing of any such fish by a specified person or persons belonging to a specified category or any person other than a specified person or persons belonging to a specified category;
- (b) prohibiting the landing of fish or fish belonging to a specified species in any specified area at any place other than a specified place;
- (c) prohibiting the conveyance or the removal from one place to another of any fish or fish products without the written authority of the director and otherwise than subject to such conditions as he may determine;
- (d) prohibiting the supply of ships' stores, excluding medical supplies, to specified fishing boats, or fishing boats registered in specified foreign countries, or imposing a levy for the benefit of the Consolidated Revenue Fund on such stores supplied to such fishing boats, and prescribing how and by whom any such levy shall be collected.

(2) Regulations under subsection (1) (b) and (c) may grant exemption from the provisions thereof in respect of specified quantities of fish caught by any person for his own use.

Restrictions in respect of quantities of fish which may be caught or processed.

11. The Minister may, after he has consulted the advisory council, by notice in the *Gazette* make regulations—

- (a) prohibiting the holders of licences in respect of fishing boats or any particular holder of such a licence from catching or landing, either generally or in any particular area, in the course of a specified year or any particular portion of a year, a greater quantity of fish, or of fish belonging to a particular species, than a quantity specified;
- (b) prohibiting or regulating the supply of any fish or of fish belonging to a particular species, or the products thereof, to any person or class of persons either generally or in any particular area, irrespective of whether the fish is supplied by any person who caught the fish or acquired it from some other person;

WET OP SEEVISSERYE, 1973.

Wet No. 58, 1973

(4) Indien die Minister oortuig is dat 'n boot in 'n vreemde land geregistreer is, kan hy op aansoek van die eienaar daarvan die direkteur gelas om 'n magtiging uit te reik vir die uitreiking van 'n lisensie ten opsigte van daardie boot vir die tydperk wat die Minister bepaal.

(5) 'n Licensie moet uitgereik word onderworpe aan die voorwaardes en beperkings wat die direkteur in die betrokke magtiging bepaal het: Met dien verstande dat 'n voorwaarde of beperking dat 'n boot nie vir die vang van vis wat behoort tot 'n bepaalde spesie of bepaalde spesies, gebruik mag word nie, nie opgelê word nie behalwe op aanbeveling van 'n komitee wat kragtens artikel 3 aangestel is.

(6) Indien die Minister dit in belang van die visserybedryf nodig ag, kan hy by regulasie bepaal dat 'n vermelde soort werktuig nie vir die vang van vis of vis wat behoort tot 'n bepaalde spesie of bepaalde spesies, gebruik mag word nie, tensy dit ooreenkomsdig die regulasies gelisensieer is.

9. Iedere besluit van die direkteur ingevolge artikel 7 of 8 is Appelle. onderworpe aan 'n appèl op die Minister op die voorgeskrewe wyse.

10. (1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* regulasies uitvaardig waarby— Beskerming van vis en beperkings op landing van vis en verskaffing van skeepsvoorrade.

- (a) vir 'n onbepaalde tydperk of vir 'n bepaalde tydperk gedurende die een of ander jaar, en of in die algemeen of in 'n bepaalde gebied, verbied word dat vis of vis wat tot 'n bepaalde spesie behoort, gevang of gesteur word of deur 'n bepaalde persoon of persone wat tot 'n bepaalde kategorie behoort of iemand anders as 'n bepaalde persoon of persone wat tot 'n bepaalde kategorie behoort, gevang of gesteur word;
- (b) verbied word dat in 'n vermelde gebied vis of vis wat tot 'n bepaalde spesie behoort, op 'n ander plek as 'n vermelde plek aan land gebring word;
- (c) verbied word dat vis of produkte van vis sonder die skriftelike magtiging van die direkteur en anders as op die voorwaardes wat hy bepaal, vervoer of van een plek na 'n ander verwyder word;
- (d) verbied word dat skeepsvoorrade, uitgesonderd mediese voorrade, aan vermelde vissersbote of vissersbote wat in vermelde vreemde State geregistreer is, gelewer word, of 'n heffing ten bate van die Gekonsolideerde Inkostefonds gelê word op sodanige skeepsvoorrade wat aan sodanige vissersbote gelewer word, en voorgeskryf word hoe en deur wie so 'n heffing ingevorder moet word.

(2) Regulasies kragtens subartikel (1) (b) en (c) kan vrystelling van die bepalings daarvan verleen ten opsigte van bepaalde hoeveelhede vis wat deur iemand vir eie gebruik gevang is.

11. Die Minister kan, nadat hy die adviesraad geraadpleeg het, by kennisgewing in die *Staatskoerant* regulasies uitvaardig waarby— Beperkings ten opsigte van hoeveelhede vis wat gevang of verwerk mag word.

- (a) verbied word dat die houers van lisensies ten opsigte van vissersbote of 'n bepaalde houer van so 'n lisensie in die loop van 'n vermelde jaar of 'n bepaalde gedeelte van 'n jaar 'n groter hoeveelheid vis, of vis wat tot 'n bepaalde spesie behoort, as 'n vermelde hoeveelheid in die algemeen of in 'n bepaalde gebied vang of aan land bring;
- (b) die lewering van vis of van vis wat tot 'n bepaalde spesie behoort, of die produkte daarvan aan 'n persoon of klas persone, in die algemeen of in 'n bepaalde gebied verbied of gereël word, ongeag of die lewering geskied deur iemand wat die vis gevang of van iemand anders verkry het;

Act No. 58, 1973

SEA FISHERIES ACT, 1973.

- (c) prohibiting any factory or any particular factory from receiving or manufacturing in the course of a specified year or any particular portion of a year a greater quantity of any fish, or of fish belonging to a particular species, or of any specified product thereof, than a quantity specified;
- (d) prohibiting the director from issuing more than a specified number of licences in respect of factories, and restricting, either generally or in a particular area, the number and capacity of appliances that may be used in a factory for the packing, treatment or canning of fish belonging to a particular species, or for the manufacture of any particular kind of fish products;
- (e) prohibiting any person, or persons belonging to a particular category of persons, from using, either generally or in any particular area, and outside any period referred to in section 10 (1) (a), any fishing boat or other vessel for the catching or processing of fish belonging to a particular species or for the manufacture of products thereof.

Control over removal of sea-weed and shells and recovery of salt from the sea.

12. (1) The Minister may—
  - (a) notwithstanding the provisions of the Sea-shore Act, 1935 (Act No. 21 of 1935), or any other law, exercise control over the removal of sea-weed and shells from the sea or the sea-shore, and over the recovery of salt from the sea;
  - (b) on such conditions as he may think fit and on payment of such consideration as he may determine, issue permits for the removal of sea-weed and shells from the sea or the sea-shore, and for the recovery of salt from the sea: Provided that the Minister—
    - (i) shall, before issuing a permit in terms of this section in respect of an area situated in or abutting upon the area of jurisdiction of a local authority, consult such local authority;
